

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
6 November 1977

Onderwerp: Kinderdoop

Lees: Markus 10 verse 13 tot 16

Teks: Markus 10 vers 14

Sing: Psalm 8 verse 1, 4 en 7  
Gesang 93 verse 3 en 5  
Gesang 94 verse 1 en 2

“Ons leef in die eeu van humanisme, wat propageer dat elke mens in homself die vermoë het om selfstandig en onafhanklik sy eie weg te bepaal. Hiervolgens moet kinders se wense en begeertes voorrang kry, sodat hulle self hulle eie pad kan vind.

“Hierdie sogenaamde vryheid, wat as ’n onvervreembare reg beskou word, mag nie belemmer word deur dogmas, stremmende gesag, tug of lastige Bybelse opvoeding nie. Die selfbeskikkingsreg van die mens moet gerespekteer word. Die kind moenie in ’n groef gedwing word nie. Nee, die kind moet van jongs af leer om selfstandig te oordeel en te handel.

“Ons ken hierdie eeu van die kind, maar ons ken ook die kind van hierdie eeu. Wat ons sien is losbandigheid, onbeheersdheid, wetteloosheid en opstand teen gesag.

“Teenoor hierdie moderne opvatting staan die sakrament van die kinderdoop as ’n kragtige protes wat elke selfbeskikkingsreg uitban. Hierdie verbondsteken en seël in die Naam van die Drie-enige God lê beslag op die verbondskind van die eerste oomblik van sy bestaan af. Die kinderdoop leer ons dat ons kinders hulle onmiddelik en selfs buite hulle wete en wil in ’n posisie van afhanklikheid bevind. God self het sy hand op hulle gelê en gesê: ‘... jy is myne.’ (Jes 43:1)

“Hulle is in die eerste instansie afhanklik van die God van die verbond. Dit wil sê hulle opvoeding en die pad waarop hulle moet gaan, is klaar bepaal. Daar is vir hulle gekies. Hulle is gebind deur ’n Goddelike outoriteit. As alle gedooptes dit tog maar wil aanvaar.

“Ons kinders behoort dus nie aan hulself nie. Ook nie in die eerste instansie aan ons, hulle ouers, nie. Hulle behoort aan die HERE. Hulle is die eiendom van

die getroue Verbondsgod, van Wie hulle die verbondsteken ontvang.

“Maar Broers en Susters, die kinderdoop wat in ons kerk as vanselfsprekend aanvaar word, word van baie kante ontken en beveg. Daar is die wederdopers en aanverwante sektes wat niks van die kinderdoop wil weet nie. Hulle meen dat iemand wat nie bewustelik ‘ja’ geantwoord het op die Woord van God nie, nie gedoop kan word nie. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat ons kennis dra van die goeie reg van die kinderdoop.

“Daar is net een norm waaraan ons die reg van die kinderdoop kan toets. Dit is die Woord van God. In ons teksgedeelte het ons in hierdie verband ‘n verrassende Woord en optrede van Jesus Christus.

“Ouers uit die omgewing het hulle kindertjies na Jesus gebring, sodat Hy hulle kon seën. Maar die dissipels het dit ten sterkste afgekeur. Volgens hulle was dit ontydig. Jesus was só besig dat Hy nie nog aandag aan kinders ook kon gee nie. Bowendien was dit volgens die dissipels onvanpas. Dit was tog werklik benede Jesus om Hom met kinders te bemoei. Wat het kinders te doen gehad met die koninkryk van God wat Jesus verkondig het?

“Maar wat het Jesus gedoen? Hy het nie alleen die dissipels baie kwalik geneem nie. Hy het die ouers teruggeroep en vir hulle gesê: ‘Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.’ (Mark 10:14)

“Die vraag wat dadelik hier na vore kom, is: Op watter grond het Jesus die koninkryk van God aan kinders toegeken? Hoekom het hy hulle omhels en geseën?

“Die rede het nie gelê in enige waardigheid van die kinders se kant nie. Hulle was immers nie sonder sonde nie. Nee, hulle was ook in Adam in sonde en ongeregtigheid gebore.

“Let op dat Jesus nie hier van kinders in die algemeen gepraat het nie. Nee, Hy het dit gekwalifiseer deur te sê: ‘aan SULKES behoort die koninkryk van God.’

“Broers en Susters, die grond van Jesus se beskouing het uitsluitlik gelê in die feit dat hierdie verbondskinders was. Hulle was ingesluit in die verbond van God. Omdat God die nageslag van Abraham geheilig het, het die Seun van God bemoeienis gemaak met hierdie kinders en het Hy aan

hulle die ryke goedere van sy heil geskenk, soos God dit aan hulle beloof het.

“Jesus het beslis nie alle kinders in die oog gehad nie, maar net die ‘sulkes’. Dit wil sê daardie kinders wie se ouers hulle na Jesus gebring het. Want die kinders was verbondskinders, gebore uit ouers wat die genade en krag van Jesus geken het. Hierdie ouers het, deurdat hulle hul kinders na Jesus gebring het, belydenis gedoen van hulle geloof in die Seun van God as Hoof van die nuwe verbond. Jesus sou nie die kinders van die goddelose wêreld so behandel het nie.

“En dit bring ons by die kern van die kinderdoop. Kinders word om geen ander rede, of op geen ander grond gedoop nie, as op grond van die verbond van God.

“God het eenmaal op verrassende wyse aan Abraham verskyn en gesê: ‘Ek is God, die Almagtige ... En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou’. (Gen 17:1,2) God het dit nie gedoen omdat Hy Abraham nodig gehad het nie. God het nooit ’n bondgenoot nodig nie. Maar God het Hom uit vrye welbehae tot ’n bondgenoot verklaar van die mens, wat so weerloos in hierdie wêreld is. Dit is enkel genade en louter goedertierenheid van God teenoor die mens.

“Broers en Susters, dié beloftes geld vir alle geestelike afstammeling wat uit Abraham gebore is en gebore sal word. Paulus skryf: ‘... die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.’ (Gal 3:7) Abraham word in die Bybel genoem die Vader van die gelowiges. Dus is almal wat glo in hierdie verbond, ingesluit. En daarom kan ons die vraag voor die voete van die teenstanders van die kinderdoop lê. Sou die genade van God nou minder wees, sodat die kinders van die nuwe verbond nie daarin mag deel nie?

“Dit is ondenkbaar.

“Die genadeverbond het deur die arbeid van Jesus Christus soveel heerliker van inhoud en soveel groter van krag geword. Daarom sê Paulus: ‘Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.’ (Hand 2:39)

“En daarom het Jesus gehandel met hierdie klein kindertjies wat deur hulle verbondsouers na Hom gebring is. Hy het met hulle soos verbondskinders gehandel deur sy hande op hulle te lê en hulle te seën.

“En met sy gesaghebbende Woord het Jesus Christus die teenstanders van die kinderdoop se voete onder hulle uitgeslaan toe Hy gesê het: ‘Laat die

kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.'

"Verstaan u nou die diepe grond van die kinderdoop? Verstaan u dat dieselfde verbond wat God met Abraham gesluit het, vandag nog vir ons kinders geld. Verstaan u dat die wederdopers gruwelik dwaal as hulle beweer dat die kind nie gedoop kan word nie, omdat hy niks verstaan nie. Net asof God se sluiting van sy verbond iets te doen het met die verstandelike vermoë van die mens. Nee, God het eerste en uit vrye welbehag na die mens gekom en gesê: 'Ek is God, die Almagtige ... En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou'.

"Daar was geen teenprestasie of inspraak van die mens ter sprake nie. Die mens het niks te sê gehad nie. Hy kon maar net neerval voor die genadetaal uit God se mond. By hierdie verbondsluiting was die gryse Abraham in werklikheid ook niks meer as 'n kindjie wat niks gehad en besit het nie. Hy het op sy aangesig in die stof voor God gelê. Aan die 'sulkes', sê God, behoort die koninkryk van God.

"God se genade is nie aan ouderdom gebonde nie. Hy hoef nie daarmee te wag tot iemand verstand kry nie. Só was Johannes die Doper reeds voor sy geboorte deur die Heilige Gees vervul; en het God Jeremia reeds voor sy geboorte geken. Daarom is die kinderdoop van die Nuwe Testament 'n vanselfsprekende saak. Dit is nie aan die willekeur van 'n mens onderworpe nie.

"En wat meer is, oral in die Nuwe Testament word duidelik gemeld van hele huisgesinne wat gedoop is. Voorbeelde is dié van Cornelius (Hand 10:24,48), Lidia (Hand 16:14,15) en die tronkbewaarder van Filippi. (Hand 16:31-33)

"Kinders is sonder hulle wete deel van die genadeverbond van God. Hulle het deel in die seëninge daarvan en die verlossing in Jesus Christus.

"Wat God aan ons en ons kinders in Christus Jesus geskenk het, kan geen wederdoper ons ontnem nie. Jesus het gesê: 'Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.' Kinders is van kleins af reeds erfgename van die HERE. Geen wonder dat gelowiges 'n koninklike geslag, 'n heilige priesterdom, 'n toegewyde volk genoem word nie. Die gedooptes dra die teken van die grote Koning van hemel en aarde.

"Hierdie teken, die Heilige Doop, mag nie verontagsaam word nie. Ouers moet hulle kinders na

Jesus bring. Hulle moet ook hulle kinders leer wat die verbond beteken. Dit is belangrik.

“Hoekom is daar so min mense wat leef vanuit hulle heerlike voorreg om gedooptes, verbondskinders, te wees? Hoekom is daar so min mense wat die volle sin en betekenis van hierdie verbond besef? Dit is omdat ouers versuim om dit te vertel.

“Die teken en seël mag nie versmaai word nie. Ons moet leef soos gedooptes, kinders van die verbond. Ons moet besef dat ons en ons kinders erfgename is van die verbond en dat ons, in die taal van Jesus, aan die koninkryk van God behoort. U het as gedoopte die seën van die Koning ontvang. Hy het sy hande oor u uitgebrei. Hy aanskou u vanuit die Hemel en lei u deur sy Gees.

“En as ons soms uit swakheid in die sonde val, dan moet ons nie twyfel aan die genade van God in Christus Jesus nie en in die sonde bly lê nie, omdat die doop ’n ontwyfelbare getuienis is dat ons ’n ewige genadeverbond met God het.

“Amen.”

Kommentaar:

Die Doop is ’n teken of simbool van ’n belofte wat God aan jou gemaak het. Om die Doop reg te verstaan, moet jy eers weet wat God beloof het:

God het beloof dat Hy jou sal red as jy Jesus Christus as jou Verlosser aanneem. Dit is die verbond of belofte waarvan die Doop ’n teken of simbool is. En dit is die fondament van die Christelike geloof wat die grondslag is van beide die Ou en Nuwe Testamente.

Die Doop as sulks vergewe nie jou sondes nie en kan jou nie red nie. Dit is slegs ’n teken of simbool van die belofte wat God aan jou maak. Diegene wat gedoop word en versuim om Jesus Christus as Verlosser aan te neem, is steeds verlore. Verder is dit nie nodig om gedoop te word om gered te word nie. Dink aan die misdadiger wat langs Jesus Christus gekruisig is. Hy is gered omdat hy Jesus Christus as sy Verlosser aangeneem het, terwyl hy nie gedoop was nie.

Hierdie verbond of belofte wat God met sy verbondskinders aangaan, het ook gedurende die Ou Testament gegeld. God het toe self bepaal dat dit aan

kinders van agt dae oud bedien moes word. (Gen 17:9-14) Let op, dit is God self wat bepaal het dat die teken van sy verbond aan kinders gebring moet word.

Die bloedige besnydenis, wat in die Ou Testament die teken van hierdie verbond was, is in die Nuwe Testament vervang met die Doop, wat ook 'n teken is van die bloed van Jesus Christus wat sondes afwas.

God se verbond of belofte kom na die mens sonder dat daar enige sprake is van 'n inspraak of prestasie van die mens se kant. Hierteenoor sê wederdopers in effek: God misgis Hom om 'n verbond met kinders te maak wat nog nie verstaan nie. Ons sal dit regstel en neem nou beheer oor. Van nou af sal óns die vereistes van die Doop bepaal en die bediening daarvan beheer. Hierdeur word die Doop, wat uitsluitlik 'n aksie van God is sonder enige menslike inset, verander in 'n aksie vanuit die mens, wat deur die mens beheer word. Dit is 'n radikale korrupsie van die ware Evangelie.

Hoe moet ons optree teenoor iemand wat hom of haar weer laat doop het? Indien die persoon sy fout besef het en God om vergifnis gevra het, is sy sonde vergewe. Indien die wederdoper in sy siening volhard, is dit ons plig om hierdie inligting aan hom of haar te bring.

Daar is niks mee verkeerd om volwassenes wat tot bekering gekom het, te doop nie. Daar is talle voorbeelde in die Bybel.

Wederdopers verwys soms minagtend na kerke wat hulle kinders laat doop as 'baby sprinklers'. Vir 'n korrekte perspektief hierop, neem die gebruik van wyn in die Nagmaal as voorbeeld. Net soos die water in die Doop, is dit ook 'n teken of simbool van die bloed van Jesus Christus wat sondes afwas. Daar word egter nie van lidmate verwag om hulle tydens die Nagmaal in 'n vat wyn onder te dompel nie. Dieselfde geld vir water in die Doop. Die water, brood en wyn in hierdie twee Christelike sakramente is bloot simbole.

Wederdopers skep die indruk dat jou sondes tydens die onderdompeling in water afgewas word en dat jy as 'n nuwe mens te voorskyn kom. Dit is nie die geval nie. Die doop vergewe nie jou sondes nie. Net die aanvaarding van Jesus Christus as jou Verlosser doen dit. Die Doop is net 'n sigbare teken van God se belofte

dat Hy jou sal red as jy Jesus Christus as jou Verlosser aanneem.

Neem ook kennis dat waar die Doop aan kinders bedien word, bepaal die Bybel dat diegene wat die Nagmaal gebruik sonder dat hulle dit verstaan, 'n oordeel oor hulself bring. Die Nagmaal word gevolglik nie aan kinders bedien nie.

